BLOEMFONTEINSE INSTANSIE VAN DIE JAAR-WEDSTRYD

# Haweloses vind hiér 'n tuiste

Marietjie Gericke

BLOEM SHELTER – met twee groot huise in Bloemfontein waarin vir sowat 78 haweloses 'n dak oor die kop, 'n warm bed, badgeriewe en kos en klere gegee word – is vandag se benoemde vir die Bloemfonteinse Instansie van die Jaar-wedstryd.

Dié prestige-wedstryd word deur *Ons Stad*, gemeenskapskoerant van *Volksblad*, die Mimosa-filmgroep en Absa aangebied. Lize du Plessis het die instansie vir die wedstryd benoem.

Mense noem die omgee-tuise van Izak Botes en sy vrou, Sonja *A hotel for the homeless*.

Hier kry van babas tot bejaardes 'n holte vir die voet. Almal kry liefdevolle versorging en hulp totdat hulle weer kan opstaan en op hul eie kan voortgaan.

Botes sê die huis vir mans is op die hoek van Lombard- en Gruisstraat in Hilton en die een vir vroue by Andries Pretoriusstraat nr. 4 waar ook gesinskamers in die agterplaas vir gesinne beskikbaar is.

Die Botesse vertel Bloem Shelter bestaan al tien jaar. Dit is nou die tuiste vir mans. Die vrouetuiste is in 2010 begin.

Botes sê hy is nou sowat agt jaar betrokke, waarvan die afgelope drie jaar heeltyds is. "My vrou wat 'n kleuterskool bedryf het, het ook nou, heeltyds hier begin werk, veral oor haar liefde vir kinders. Daar is baie kinders wat ook ons liefdevolle sorg nodig het."

Botes vertel die storie van Bloem Shelter soos volg:

Bloem Shelter kry geen geld van die regering af nie. Ons is heeltemal afhanklik van die gemeenskap om vir ons skenkings te gee.

Bloem Shelter is 'n Christelike organisasie met die doel om die gemeenskap van die Vrystaat te ondersteun.

Ons probeer om vir bevoorregte lede van die samelewing die kans te bied om aan die restourering van minder bevoorregte lewens deel te neem. Die Here seën individue met oorvloed sodat hulle mense sonder enige hoop kan optrek om almal saam gesonde en aktiewe lede van die liggaam van Christus te wees.

Wanneer 'n mens in die bodemlose put van armoede, verlies, gebrek, mislukking en so-meer vasgevang is, verg dit baie energie om net elke dag te oorleef. In dié situasie is baie emosionele, sosiale en geestelike strominge.

Die kern van Bloem Shelter is Jesus Christus. Om dié rede word dus baie klem op die geestelike welsyn en ontwikkeling van die inwoners gelê. Omdat 'n mens baie moeilik iemand met 'n honger maag of 'n siek liggaam kan bereik, word na al die ander sfere van menswees ook omgesien.

Die Shelter het mediese dokters wat gratis na pasiënte omsien. Die arbeidsterapie-afdeling van die Nasionale Hospitaal betrek die inwoners van die mans- en die vrouehuis by 'n arbeidsterapieprogram. Ons het 'n arbeidsterapeut in 'n private praktyk wat die kinders gratis evalueer. Sy werk 'n program vir die kind uit wat by die Shelter deur die ma en ander kundiges toegepas moet word.

Daar is drie kinders in die kleuterskool, twee laerskoolkinders en een matriekmeisie. Twee van die kinders woon die Abet-skool by.

> *'Soms kom mense self by die shelter aan, soms bring die polisie mense hierheen.'*

Ons twee jongstes is 'n seuntjie van twee jaar en 'n babameisietjie van 15 maande.

Oogkundiges van die stad toets die inwoners se oë gratis en verskaf brille.

Heeltydse sielkundiges is betrokke wat mense gereeld te woord staan en na hul emosionele behoeftes omsien.

'n Opgeleide mens bied hulpprogamme aan mense met 'n afhanklikheidsprobleem. 'n Uitsonderlike lewensvaardigheidsprogram – asook dissipelskap-programme en gebedsbediening – word ook aangebied.

Mense betrokke by Bloem Shelter wissel van private individue, kerke, sakeondernemings en organisasies.

Die Universiteit van die Vrystaat (UV) lewer ook 'n groot bydrae. Jaarliks word 'n groep derdejaar- mediese studente aan die mans- sowel as die vrouehuis vir hul praktiese projek toegeken.

Een van die vroue het met die plan van 'n modeparade vir die vroue van die huis vorendag gekom. Die doel hiervan is om elke vrou weer mooi te laat lyk, vroulik te laat voel en om hul selfvertroue 'n hupstoot te gee.

Die UV het daarvan bewus geword en besluit om 'n openbare geselligheid vir hul Mandeladag-projek te hou. Die geselligheid vind op 24 Julie om 12:00 in die Eufeessaal op die kampus plaas. Aandag gaan aan die vroue se hare, naels, grimering en klere gegee word. Klere vir die modeparade word deur winkels verskaf.

As geldinsamelingsprojek het ons op 20 April 2011 'n groot ete in die De Bloem-kerksaal gehou. Die spyskaart is deur 'n sjef uitgewerk wat in die huis was. Hy het homself in sy tyd hier as 'n kenner op die kosgebied bewys.

'n Week voor die geselligheid het ons sjef verdwyn. Vrywilligers van oor die stad heen het aangebied om die kos voor te berei en die Food and Beverage Institute het die kombuis en die opdiening die aand van die geselligheid gehanteer. Inwoners van Bloem Shelter was die kelners en het van die gange aan tafel bedien. Uitgedos in swart broeke, wit hemde en helderoranje voorskote het hulle hul uitmuntend van hul taak gekwyt. Hier het ons net weer geleer om nie op mense staat te maak nie, maar op God.

Bloem Shelter het tien jaar gelede ontstaan vanweë 'n behoefte aan oornagskuiling vir hawelose mense.

'n Vloer van 'n ou gebou in die middestad is gehuur. Die gebou was van alle elektriese bedrading gestroop en wanneer die mense moes eet of die Woord bedien is, het 'n petrolkragopwekkertjie deur 'n paar gloeilampe lig voorsien.

Die gebou is verkoop en 'n paar maande lank was daar geen skuiling nie. 'n Ou huis in Hilton het toe die volgende skuiling geword. Ongelukkig kon net mans daar gehuisves word.

Die skuiling is bedryf deur 'n komitee waarvan al die lede heeltydse beroepe beoefen het. Daar kon dus net ná ure aandag aan die mense en die behoeftes van die Shelter gegee word. Die behoefte was egter veel groter as dit. Die komitee het besluit iemand moet heeltyds aangestel word om die werk te doen.

Ek het besef dit was die roeping wat die Here op my hart gelê het. Ek het my werk bedank en op 1 Maart 2010 heeltyds by die Shelter begin werk. Ek glo en weet wanneer die Here jou vir 'n doel geroep het, sal Hy jou toerus vir die werk en Hy sal voorsien.

Gou het ek besef daar is 'n groot behoefte vir 'n skuiling vir vroue en ons het begin bid vir 'n gebou vir vroue. Op 1 Mei 2010 het ons 'n huurhuis in Extonweg betrek. Die eienaar se hart het versag (en die Here is getrou) en ons betaal net R1 000 huur per maand.

Mense oorweldig my met vrae soos "Waar gaan die geld vandaan kom om die plek te onderhou?" en "Waar gaan ons meubels, kombuisware, beddegoed en someer kry?". My standaard-antwoord is: "God het die plek gegee. Hy sal alles voorsien."

En Hy het. Die huis was erg verwaarloos en baie vuil. Een oggend toe ek daar aankom, het 'n man en vrou op die stoep gesit en gevra of hulle nie in die huis kon bly totdat daar vroue opdaag om daar te bly nie. Hulle was op straat en het geen heenkome gehad nie.

Die vrou het die plek begin skoonmaak en gou was dit onherkenbaar danksy haar vrouehand. Dit het soos 'n tuiste begin lyk. Ons het niks gehad om mee te begin nie, maar kort voor lank het mense van die gemeenskap van die plek uitgevind en het ons alles wat dringend noodsaaklik is, gehad.

Vroue met net die klere aan hul lyf het dag vir dag opgedaag en baie gou was die plek vol. Ons het die Here vir nog 'n plek gevra en die huis langsaan het as huureiendom in die mark gekom. Die eienaar het ingestem ons kan dit huur en hoewel die huurgeld baie meer is, het ons die uitdaging aanvaar. Gou was dié huis ook vol. Omdat daar buitekamers by die ou huis is, neem ons nou ook gesinne en bejaardes in ons sorg.

Intussen het die eienaar van die manshuis die eiendom aan Bloem Shelter geskenk. Die registrasie van die eiendom op ons naam het in September 2010 plaasgevind. Wat 'n seën.

In Julie 2010 het ons kennis van albei die eienaars van die eiendomme waarin die vroue-en-gesinhuise is, gekry ons huur word opgehef. In die twee huise saam was ongeveer 30 vroue en drie kinders. Ons het nêrens gehad om met die mense heen te gaan nie en 'n tyd van intensiewe gebed het begin.

Die eienaar van Andries Pretoriusstraat nr. 4 het ingestem ons kan die eiendom by hom koop en dat hy vir Bloem Shelter 'n verband sou gee sodat ons aan hom kon afbetaal. Hulle kon egter die eiendom einde September ontruim. 'n Maand lank het ons geen heenkome gehad nie.

Weer was die Here getrou en tien dae voordat ons moes trek, het die eienaar van Andries Pretoriusstraat nr. 4 laat weet hy het 'n geskikte plek gekry en ons kon op 1 Augustus intrek.

In die nuwe huis het ons die huisgedeelte vir die vroue ingerig en die agt buitekamers vir gesinne.

Soms kom mense self by die Shelter aan, soms bring die polisie mense hierheen, ander kere stuur die Kerklik Maatskaplike Dienste (KMD) of Kindersorg Bloemfontein/Childline Free State, kerke, hospitale en private individue mense hierheen.

Elke mens wat hier opdaag, het onmiddellik hulp nodig. Sommige van hulle is uitgehonger, siek, het 'n erge afhanklikheidsprobleem of is net gestroop van alles in die lewe. Hulle het nêrens om heen te gaan nie. Niemand wat omgee nie. Geen hoop vir môre of die toekoms nie. Ons begin die pad met elke mens deur 'n persoonlike behoeftebepaling. Met ons bron van professionele vrywilligers, skakel ons die mens by 'n program in.

Ons probeer om vir mense werk te kry en een van ons drome is om 'n sakeonderneming te begin waar ons vir inwoners werk kan skep. Dit is om hulle selfonderhoudend te maak.


Ons het die behoefte aan 'n groter perseel om beter geriewe vir die verskillende groepe te bied.

Op 19 en 20 April 2013 beplan ons The Father Heart of God-konferensie. Dit sal die tema van hawelooshied en armoede takel. Verskeie sprekers van Suid-Afrika en Amerika is genooi om deel te neem. Met die geleentheid wil ons graag baanbrekerswerk doen en op die geleentheid ook ons pragtige stad bemark as een wat vir sy mense omgee."

■ Voornemende skenkers of diegene wat hulp wil verleen, kan 082-463-5916 of 051-430-7880 skakel.



IZAK BOTES en sy vrou, Sonja, voor Bloem Shelter se huis vir vroue en gesinne in Andries Pretoriusstraat 4. By hulle is van die kinders wat in die huis bly.



IZAK BOTES, leier van Bloem Shelter (regs) en past. Patrick Moroagae van die Mission of Christ-kerk by die huis vir mans op die hoek van Lombard- en Gruisstraat in Hilton, Bloemfontein.

Foto's: Marietjie Gericke

MIMOSA FILM GROEP
Ons Stad
ABSA